

HOOFSTUK 3

DIE BIBLIOTERAPEUTIESE PROSES

3.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die lees-, media- en inligtingsbehoefte van kinders in die algemeen en kinders in die ouderdomsgroep 8 tot 11 jaar spesifiek bestudeer.

In hierdie hoofstuk word die term "biblioterapie" omskryf. Daar word onderskei tussen kliniese en ontwikkelingsbiblioterapie. Daar word ook aandag geskenk aan die doel van biblioterapie, die stappe in die biblioterapeutiese proses en die voor- en nadele van biblioterapie sodat 'n deeglike begrip gevorm kan word van die biblioterapeutiese proses. Die voordele van biblioterapie word behandel omdat dit die belangrikheid van biblioterapie beklemtoon, terwyl aandag geskenk word aan die nadele om te verseker dat die gevare verbonde aan biblioterapie vermy word.

3.2 BEGRIPSOMSKRYWING

Op sy eenvoudigste kan biblioterapie omskryf word as die gebruik van boeke om mense te help (Cornett & Cornett 1980:7). Doll en Doll (1997:6) sluit hierby aan as hul na biblioterapie verwys as die helende krag van boeke.

Pardeck en Pardeck (1984b:1) wys dan ook daarop dat alhoewel daar verskeie omskrywings van biblioterapie is, is die sentrale gedagte by almal die behandeling van probleme deur middel van lektuur. Russel en Shrodes (soos aangehaal deur Pardeck & Pardeck 1984b:1) omskryf biblioterapie as '*n proses van dinamiese interaksie tussen die leser en lektuur*. Wanneer hierdie interaksie plaasvind onder die leiding van 'n bekwame *bemiddelaar* vind *terapeutiese verandering* plaas.

Riordon en Wilson (1989:506) sluit hierby aan deur te verwys na biblioterapie as *gerigte lees* van geskrewe materiaal om begrip te bekom of om probleme op te los wat verband hou met 'n persoon se behoeftes.

Schultheis (1972:8) beklemtoon dat die interaksie wat plaasvind tussen leser en lektuur nie gebeur rondom enige lektuur nie, maar net in die geval van *geselekteerde lektuur*. Die geselekteerde lektuur wat tydens die biblioterapeutiese proses gebruik kan word, kan uit die volgende bestaan (Smith 1982:230):

- didaktiese lektuur (vaklektuur);
- verbeeldingsliteratuur (verhale, gedigte, dramas, kortverhale, romans en opstelle).

Die geselekteerde lektuur moet nie alleen handel oor die betrokke probleem nie, maar dit moet ook die probleem realisties hanteer en ooglopend geskik wees vir die biblioterapeutiese proses (Pardeck & Pardeck 1984b:xii).

Doll en Doll (1997:6) neem die kwessie van lektuur 'n stap verder deur daarop te wys dat daar nie net sprake is van geselekteerde lektuur nie, maar ook van *spesifieke, beplande aktiwiteite* wat saamhang met die lektuur.

King (1995:98) beklemtoon dat *lees* die fundamentele middel is om verandering teweeg te bring tydens die biblioterapeutiese proses. Hy wys dan ook op 'n baie belangrike aspek van biblioterapie: dit is nie 'n selfstandige terapie nie, maar dien as 'n *aanvullende terapie*.

Matthews en Lonsdale (1992:19) wys daarop dat 'n essensiële element van biblioterapie die betrokkenheid van 'n *bemiddelaar* is wat die bespreking van die geselekteerde lektuur sal lei en die lesers sal help om te reageer, te analiseer en hul ondervindings in verband te bring met die lektuur. Die vlak van die probleem van die lesers sal bepaal wie die bemiddelaar kan wees. Dit kan strek vanaf hoogs opgeleide professionele geestesgesondheidswerkers

soos psigiaters, sielkundiges en maatskaplike werkers tot bibliotekarisse, onderwysers en ouers (Doll & Doll 1997:7; Pardeck & Pardeck 1984b:1).

Die bemiddelaar kan biblioterapie *individueel of in groepsverband* aanbied. By groepsvoorligtingsessies behoort die lesers ongeveer dieselfde ouderdom, leesvermoë en vlak van ontwikkeling te hê. Groepsessies kan met welslae voorkomend deur onderwysers gebruik word om te praat oor normale ontwikkelingsprobleme, vroeë en vrese eie aan hul leerders se ouderdomsgroep (King 1995:103; Schultheis 1972:20).

Biblioterapie kan dus omskryf word as 'n proses waar 'n dinamiese interaksie tussen geselekteerde lektuur en 'n leser bewerkstellig word onder leiding van 'n bekwame bemiddelaar in groepsverband of individueel. Hierdie proses vorm deel van 'n terapeutiese proses en is nie 'n selfstandige terapeutiese proses nie. Alhoewel lees essensieel is ten opsigte van die biblioterapeutiese proses kan dit saamhang met spesifieke, sorgvuldig beplande aktiwiteite.

As daar na hierdie definisie van biblioterapie gekyk word, is dit duidelik dat daar 3 komponente is wat 'n sleutelrol speel in die biblioterapeutiese proses:

- die leser
- die geselekteerde lektuur
- die bemiddelaar.

'n Studie van twee van die komponente van biblioterapie, naamlik *die leser* en *die bemiddelaar* maak dit duidelik dat daar verskillende vlakke van biblioterapie bestaan. Biblioterapie kan as te wêreld op 'n kontinuum beskou word. Op sy eenvoudigste sal biblioterapie die persoonlike insig wees waartoe lesers, ook kinders as lesers, kom deur middel van gerigte lees onder leiding van 'n bemiddelaar (bibliotekaris/onderwyser/ouer/voorligter). Op sy uiterste is dit 'n komplekse terapie wat plaasvind tussen 'n kind met ernstige emosionele en gedragsprobleme en 'n hoogs opgeleide professionele geestesgesondheidswerker (psigiater/sielkundige/maatskaplike werker) (Doll & Doll 1997:7; Churchyard 1978:9).

Volgens Clarke (1988:1) word leesterapie en biblioterapie dikwels in Amerika beskou as sinonieme. Sy omskryf leesterapie dan ook as die terapeutiese gebruik van boeke en ander materiaal met individue of groepe deur 'n opgeleide persoon om deelname te bevorder. Howie (1988:16-17) sluit hierby aan as sy daarop wys dat leesterapie gemik is op die gesonde, persoonlike ontwikkeling van individue. Sy wys daarop dat leesterapie nie gemik is op genesing nie, maar om insig te bevorder. Hierdie insig word deur Gillies (1988:36) beskryf as kennis omtrent gevoelens.

Die omskrywing van die begrip *biblioterapie* bring ons by 'n onderskeid tussen ontwikkelingsbiblioterapie en kliniese biblioterapie.

3.2.1 Kliniese biblioterapie

Wanneer biblioterapie op 'n kontinuum beskou word, kan kliniese biblioterapie omskryf word as biblioterapie wat op die uiterste end van die kontinuum voorkom. By kliniese biblioterapie fokus die geselekteerde lektuur en die bespreking daarvan op ernstige emosionele en gedragsprobleme (Doll & Doll 1997:7).

Hierdie fokus van kliniese biblioterapie op ernstige emosionele en gedragsprobleme bepaal dat die vereiste vlak van opleiding van die kliniese biblioterapeut daarby moet aanpas. Kliniese biblioterapie behoort dus geïmplementeer te word deur hoogs opgeleide geestesgesondheidswerkers, soos psigiaters, maatskaplike werkers en sielkundiges (Doll & Doll 1997:7-8; Pardeck & Pardeck 1984b:195).

Alhoewel kliniese biblioterapie beoefen behoort te word deur sielkundiges, psigiaters en maatskaplike werkers wat opgelei is as biblioterapeute, beteken dit nie dat onderwysers, bibliotekarisse, voorligters en ouers daarvan uitgesluit is nie. Die kliniese biblioterapeut kan byvoorbeeld gebruik maak van die bibliotekaris se deskundigheid en vaardighede. Bibliotekarisse beskik byvoorbeeld nie alleen oor gespesialiseerde kennis oor boeke nie, maar dra

ook kennis van hulpmiddele waarmee spesifieke boeke vir lesers opgespoor kan word. Kliniese biblioterapie kan dus in spanverband aangebied word waar almal se kennis en vaardighede aangewend word tot voordeel van die leser (Brown 1975:1-3; Doll & Doll 1997:7-18).

3.2.2 Ontwikkelingsbiblioterapie

Anders as kliniese biblioterapie wat fokus op ernstige emosionele en gedragsprobleme, fokus ontwikkelingsbiblioterapie op die geselekteerde lektuur en die bespreking daarvan op algemene persoonlike ontwikkeling (Doll & Doll 1997:7).

Cornett en Cornett (1980:9) wys ook daarop dat ontwikkelingsbiblioterapie nie net beperk is tot tye wanneer daar probleme is nie, maar dat dit ook voorkomend aangewend kan word. Elke ontwikkelingstadium van die kind het sekere probleme wat kan opduik. By die ouderdomsgroep nege tot twaalf jaar is dit byvoorbeeld vir kinders baie belangrik om deel te wees van 'n groep. Fiksie kan gebruik word om kinders te help om probleemsituasies oor groepbetrokkenheid te hanteer. Bohning (1981:166) sluit hierby aan as hy daarop wys dat ontwikkelingsbiblioterapie gebruik kan word om leerders te help om sosiale en persoonlike aanpassings te maak wat 'n noodsaaklike deel is van die grootwordproses.

Die aard van die probleem wat ontwikkelingsbiblioterapeute hanteer, bring mee dat die vlak van opleiding waaroor hul sal beskik, sal verskil van die van kliniese biblioterapeute. Alhoewel hulle nie hoef te beskik oor kliniese vaardighede nie, moet hul wel opgelei word om as bemiddelaar op te tree. Pardeck en Pardeck (1984a:201) wys immers daarop dat die sukses van biblioterapie berus op die vaardighede, kennis en ondervinding van die biblioterapeut.

Ontwikkelingsbiblioterapie kan geïmplementeer word deur sielkundiges, maatskaplike werkers sowel as onderwysers, voorligters en bibliotekarisse.

Dit is nie net tydens kliniese biblioterapie wat daar van spanwerk sprake is nie, dit geld ook vir ontwikkelingsbiblioterapie. Veral laerskoolonderwysers is van mening dat hul meer tyd saam met kinders spandeer as enige ander volwassenes en dus in 'n posisie is om die kinders te kan help om hul probleme baas te raak of ander by te staan om sodanige hulp aan die kinders te verleen. Daarom is hulle deelname in ontwikkelingsbiblioterapie baie belangrik. Afolayan (1992:139) wys daarop dat skole natuurlike omgewings is vir die beoefening van ontwikkelingsbiblioterapie vanweë hul doelstellings wat gemik is op die ontwikkeling van die totale leerder sodat hy of sy vandag se probleme kan hanteer.

Die klem wat geplaas word op spanwerk by die beoefening van biblioterapie toon dit duidelik dat biblioterapie deel vorm van 'n terapeutiese proses en dus nie 'n selfstandige terapeutiese proses is nie. Biblioterapie kan soos onder andere musiek- en kunstherapie beskou word as 'n hulpterapie (Pardeck 1987:113).

3.3 STAPPE IN DIE BIBLIOTERAPEUTIESE PROSES

Tydens die biblioterapeutiese proses kan verskeie stappe onderskei word. Die mees algemene stappe wat outeurs lys, is veralgemening, identifisering, katarsis en insig.

3.3.1 Veralgemening

Die leser beseft dat sy of haar probleme nie uniek of geïsoleerd is nie, maar ook by ander voorkom. Pardeck en Pardeck (1987:113) beklemtoon dat kinders beseft dat hulle nie alleen die probleme ervaar nie. Die intensiteit van die kinders se gevoelens word deur dié wete verminder (Smith 1994:131). Hulle beseft nou dat hulle nie anders of minderwaardig is ten opsigte van ander mense nie (Fourie & Gericke 1991:248-249).

3.3.2 Identifisering

Identifisering is 'n noodsaaklike stap in die biblioterapeutiese proses. Dit moet plaasvind voordat die ander stappe kan volg.

Tydens hierdie stap moet die leser identifiseer met karakters wat dieselfde probleme ervaar. Ooreenkomste tussen die leser en die karakters moet vir die leser duidelik wees. Gedurende dié stadium help die terapeut die leser om die motiewe van die karakters te interpreteer en om die verhoudings tussen die karakters te verstaan. Die leser word ook opgelei om die betekenis van die stories te begryp en dit toe te pas op sy of haar probleme (Pardeck & Pardeck 1984a:196).

Uit die geraadpleegde werke is dit duidelik dat veralgemening en identifikasie baie moeilik onderskei kan word en dat die meeste skrywers daarna verwys as "identifikasie".

3.3.3 Katarsis

Gedurende katarsis ervaar die leser empatie met die storieboekkarakters en herleef hy of sy dan ook die konflik en emosies van die storieboekkarakters. Die ervarings en emosies van die leser beïnvloed hierdie belewing. Dit bied aan die leser 'n geleentheid om sy emosies te suiwer en as te ware daarvan bevry te word (Afolayan 1992:140; Fourie & Gericke 1991:248-249). Hierdie emosionele bevryding kan verbaal of nie-verbaal uitgedruk word. Die leser moet gedurende die ervaring gelei en gesteun word deur 'n terapeut. Die betrokkenheid van 'n terapeut is die kritieke element wat biblioterapie onderskei van 'n normale leeservaring (Pardeck & Pardeck 1984b:2).

3.3.4 Insig

Gedurende hierdie stap is die leiding deur die terapeut daarop gemik om die lesers te help om insig in hul probleme te bekom. Insig vind plaas wanneer lesers besef dat die probleme wat hulle ervaar nie staties hoef te bly nie, maar

dat hulle 'n meer bevredigende aanpassing ten opsigte van hul probleme kan maak. Die lesers kan tot die besef kom dat hulle probleme opgelos kan word omdat hulle die karakters se optrede en reaksie verstaan (Pardeck & Pardeck 1984b:3).

3.4 DOEL VAN BIBLIOTERAPIE

Alhoewel biblioterapie meestal deel uitmaak van 'n terapeutiese program kan dit verskillende doelwitte hê.

3.4.1 Persoonlike insig en selfbegrip

Die algemeenste doel van biblioterapie is om *persoonlike insig en selfbegrip te bevorder*. Deur van ander karakters in soortgelyke situasies te lees, word die lesers in staat gestel om (Doll & Doll 1997:7):

- hulself beter te leer ken
- menslike gedrag beter te verstaan
- om belange buite hulself te ontdek.

3.4.2 Gesonde selfbeeld

King (1995:97) beklemtoon dat dit inherent aan die biblioterapeutiese benadering is om mense in staat te stel om 'n gesonde selfbeeld te ontwikkel. Dit is nie altyd aangenaam vir mense om hul ware self te konfronteer nie. Biblioterapie kan lesers help om die vrees vir selfondersoek te oorwin en hulself te konfronteer. Dit kan lei tot 'n meer akkurate self-persepsie en om hulself te waardeer en kreatief om te gaan met dit wat nie verander kan word nie (Hynes & Hynes-Berry 1986:24).

3.4.3 Emosionele katarsis

Biblioterapie is daarop gerig om 'n *emosionele katarsis* te bewerkstellig. Emosionele katarsis is die bevryding van emosionele of psigologiese

spanning wat plaasvind wanneer lesers die gevoelens ervaar van die karakters waaroor hul lees. Dit is dikwels vir kinders makliker om die gevoelens van karakters te hanteer as hul eie. Hierdie emosionele katarsis bevry die lesers van spanning en stel hul in staat om hulself te erken (Doll & Doll 1997:8; Coleman & Ganong 1988:17-20).

3.4.4 Probleemhantering

Biblioterapie is belangrik om die *hantering van daaglikse probleme* te bevorder. Dit is veral effektief om kinders te help om normale ontwikkelingsprobleme, byvoorbeeld vrees vir mislukking, waaroor hulle nie maklik praat vanweë skuldgevoelens of skaamte of vrees nie, te hanteer. King (1995:100) verwys in dié verband na die voorkomende gebruik van biblioterapie. Biblioterapie is waardevol in hierdie verband omdat kinders aan oplossings vir probleme kan werk sonder om enige gevolge te dra. Dit stel ook oplossings aan die kinders bekend waaraan hulle nie gedink het nie. Dit dra ook daartoe by dat die selfvernietigende siklus van isolasie, onvermoë of desperaatheid gebreek word wanneer kinders besef dat ander dieselfde probleme het. Die wete dat hul nie alleen probleme ervaar nie, is gewoonlik die begin van die wete dat die probleem opgelos kan word (Doll & Doll 1997:8; Hynes & Hynes-Berry 1986:25).

3.4.5 Beter verhoudings

Biblioterapie speel 'n belangrike rol om 'n *meer effektiewe en bevredigende verhouding met ander* te bewerkstellig. Dit bevorder nie alleen 'n beter begrip van ander nie, maar poog ook om kinders in staat te stel om verskillende sosiale en emosionele situasies in die alledaagse lewe te kan hanteer (Haldeman & Idstein 1979:18; Schultheis 1972:3).

3.4.6 Inligting

Biblioterapie is ook daarop gemik om *inligting oor te dra*. Dit is veral belangrik vir kinders wat probleme ervaar wat hul anders maak as hul portuurgroep, byvoorbeeld stiefouers, aanneming en terminale siekte (Doll & Doll 1997:9).

3.4.7 Ontspanning

Biblioterapie kan *ontspanning en afleiding* bied. Dit is 'n uitstekende teenvoeter vir depressie of 'n gevoel van futiliteit. Nie alleen bring dit 'n afstand ten opsigte van probleme nie, maar dit kan ook lei tot nuwe belangstellings wat persoonlike groei bevorder.

3.5 VEREISTES VIR BIBLIOTERAPIE

Vir die biblioterapeutiese proses om suksesvol te wees, is dit belangrik dat daar aandag geskenk word aan sekere vereistes.

3.5.1 Kennis van die biblioterapeut

Dit is belangrik dat biblioterapeute op hoogte moet wees met die biblioterapeutiese proses. Die biblioterapeut moet nie alleen vertrouwd wees met die stappe van die proses, die doel en die metodes wat gebruik kan word nie, maar moet ook deeglik kennis dra van die nadele en voordele verbonde aan die proses.

Dit is ook belangrik dat biblioterapeute wat met kinders werk kennis moet hê van die volgende:

- kinder- en jeuglektuur
- ontwikkelingstadia van kinders
- leesbehoefte en –belangstellings van kinders.

3.5.2 Vaardighede van die biblioterapeut

Dit is belangrik dat die terapeut oor sekere eienskappe of vaardighede beskik:

- Biblioterapeute moet oor sekere luistervaardighede beskik. Hul moet in staat wees om te hoor wat die persoon sê en dit te kan weergee. Hul moet die persoon se lyftaal kan lees en dit wat ongesê bly, korrek kan interpreteer (Hynes & Hynes-Berry 1986:19).
- Biblioterapeute moet met die kinders kan kommunikeer.
- Biblioterapeute moet 'n begeerte hê om te help, moet opreg in kinders belangstel, sensitief wees vir die kinders se emosies en kinders aanvaar soos hulle is (Haldeman & Idstein 1979:12-18; Cornett & Cornett 1980:36-37).
- Biblioterapeute moet leesstof kan evalueer sodat materiaal gekies word wat geskik is vir biblioterapie: materiaal moet ooreenstem met die kinders se leesvermoëns, belangstellings en vlak van volwassenheid. Dit is veral hierdie aspek wat aandag geniet in hierdie studie

3.5.3 Vereistes vir kinders as deelnemers

Dit is belangrik dat kinders aan die volgende vereistes moet voldoen:

- Kinders moet óf kan lees óf verstaan wat vir hul voorgelees word.
- Kinders moet bereid wees om deel te neem aan die biblioterapeutiese proses.

Biblioterapie met jonger kinders moet aangepas word om aan te pas by hul vermoëns. Jonger kinders het 'n beperkte woordeskat, ervaringsveld en 'n korter aandagspan. Die literatuur en biblioterapeutiese proses moet dus aangepas word vir hulle (Pardeck 1990:1044).

3.6 VOORDELE OF NUT VAN BIBLIOTERAPIE

Die voordele verbonde biblioterapie oorvleuel in 'n mate met die doelstellings van biblioterapie.

3.6.1 Probleemhantering

Deur biblioterapie kan kognitiewe en affektiewe veranderings in kinders plaasvind wat hulle in staat stel om insig in hulself en hul probleme te bekom. Dit stel kinders in staat om nie alleen hulself beter te verstaan nie, maar ook om hul probleme te hanteer. Hul begin nou ook om buite hulself te kyk vir oplossings vir probleme of vir rolmodelle (Wilkin 1978:vi; King 1995:99). Soos die selfbegrip ontwikkel, ontwikkel empatie, dit wil sê die vermoë om 'n situasie vanuit 'n ander se perspektief te verstaan. Empatie met 'n storieboekarakter bevorder nie alleen die ontwikkeling van die selfkonsep nie, maar dra ook by tot die ontwikkeling van 'n goedaangepaste individu wat nie net vir homself omgee nie, maar ook vir ander (King 1995:99). Pardeck en Pardeck (1984b:4) wys byvoorbeeld daarop dat biblioterapie 'n belangrike rol speel vir diegene wat probleme het met lede van hul ouderdomsgroep of familieledede. Biblioterapie help met die skep van verdraagsaamheid en begrip vir ander. Dit kan ook 'n bereidwilligheid skep om verskille te aanvaar en persone objektief te hanteer. Sullivan (1987:874-875) wys in hierdie verband daarop dat biblioterapie daartoe kan bydra dat kinders sensitief word vir ander.

3.6.2 Sosialisering

Biblioterapie het die voordeel dat dit kinders op hul gemak stel in 'n vreemde omgewing en boonop 'n uitstekende manier is om kontak te maak en 'n gesprek aan die gang te kry (Matthews & Lonsdale 1992:153). Veral skaam of verwerpte kinders kan baat vind by biblioterapie. Die karakters in die verhale kan optree as rolmodelle vir die sosiale vaardighede waarvoor die kinders behoort te beskik. Die karakters in die boeke kan gedagtes en gevoelens wat die kinders sukkel om verbaal te verwoord, uitdruk. Versigtig gekose boeke kan nie alleen kinders help om hulself beter te verstaan nie, maar dit kan ook bydra tot belangstellings wat sosialisering bevorder (Doll & Doll 1997:55; Pardeck 1990:1043).

3.6.3 Emosionele probleme

Kinders is dikwels traag om emosies soos vrees, verwerping en depressie te verbaliseer. Biblioterapie kan hul help om hulself beter te verstaan, te leer uit die ervarings van ander en moontlike oplossings te oorweeg. Biblioterapie bied ook insig in alternatiewe oplossings en maniere om probleme te hanteer (Pardeck 1990:1043).

Biblioterapie dra ook daartoe by om die gevoel van isolasie wat kinders dikwels ervaar te verbreek. Kinders is verlig wanneer hul besef dat hulle nie die enigstes is wat die gevoelens ervaar en probleme het nie. Hulle besef nou dat hul deel van 'n groep is en dit bevorder ontwikkeling (Doll & Doll 1997:56; Pardeck & Pardeck 1984b:4).

3.6.4 Ontwikkelingsprobleme

Biblioterapie het die voordeel dat dit voorkomend is. Dit kan gebruik word om aan kinders insig te bied en hul sodoende in staat te stel om normale ontwikkelingsprobleme te hanteer wanneer dit wel opduik. Indien kinders bewus is van normale ontwikkelingsprobleme wat kan opduik, sal hulle beter voorbereid wees om dit te hanteer en nie verwerp of geïsoleerd voel nie. Dit bied immers nie alleen aan kinders 'n geleentheid tot selfbegrip nie, maar ook om ander beter te begryp. Kinders kan nou oor kennis beskik om hul eie probleme te hanteer en oor hoe om op te tree teenoor ander in 'n probleemsituasie.

Biblioterapie het ook die belangrike voordeel dat dit insig by volwassenes bevorder ten opsigte van die vernaamste maniere om kinders in staat te stel om begrip te hê vir ander en 'n gesonde selfbeeld te ontwikkel (Schultheis 1972:3).

3.6.5 Trauma

Indien daar byvoorbeeld deur ouers besluit word om te skei, kan biblioterapie kinders help om die situasie te hanteer. Dit is veral belangrik om kinders te laat besef dat ander kinders reeds soortgelyke situasies beleef het of dit tans beleef.

3.6.6 Rasseverhoudings

Biblioterapie kan in die Suid-Afrikaanse situasie help om kinders van ander rasse, gelowe of kulturele gebruike te verstaan. Dit kan kinders met kennis bemagtig sodat hulle nie bevooroordeel sal wees nie of hul aan stereotipering sal skuldig maak nie. Dit kan baie daartoe bydra om kinders te help om mekaar te verstaan en te weet waarvoor kinders van ander kulture sensitief is.

3.6.7 Konflikhantering

Afolayan (1992:137) wys daarop dat biblioterapie 'n ideale wyse is om konflik by kinders te hanteer, veral gesien in die lig dat selfbegrip en hoe hul glo ander hulle sien vir kinders baie belangrik is.

3.6.8 Begripsvermoëns

Biblioterapie voorsien in kinders se behoeftes aan selfbegrip, begrip vir ander en die gebeure of situasies waarmee hulle gekonfronteer word (Coomaraswamy 1988:68).

3.6.9 Ontspanning en ontvlugting

'n Baie belangrike voordeel van biblioterapie is dat dit aan kinders die geleentheid bied om te ontspan en uit situasies te ontvlug. Dit bied uitstekende afleiding en vestig kinders se aandag buite hulself. Dit bied aan kinders die geleentheid om afstand van hulself en hul probleme te bekom.

Howie (1988:17) wys byvoorbeeld daarop dat leesterapie mense laat ontspan en veilig laat voel. Dit verminder weerstand en stel kreatiewe energie vry vir persoonlike groei.

3.7 NADELE OF BEPERKINGS VAN BIBLIOTERAPIE

Alhoewel biblioterapie besonder baie voordele bied, is daar ook nadele daaraan verbonde. Dit is belangrik dat die terapeut sekere nadele in gedagte sal hou.

3.7.1 Onvoorspelbaarheid van leserreaksie

Lees is 'n individuele proses wat beïnvloed word deur die leser se huidige gemoedstoestand, sy of haar agtergrond, behoeftes en ontvanklikheid. Daarom is dit nie moontlik om te voorspel hoe 'n leser gaan reageer op leesstof nie. Dit is een van die vernaamste beperkings van biblioterapie (Matthews & Lonsdale 1992:17; Bohning 1981:167).

3.7.2 Ongewenste veranderings

Biblioterapie is nie 'n waarborg dat lesers se gesindhede of gedrag op die gewenste wyse sal verander nie (Bohning 1981:167). Daar kan geen verandering by die lesers plaasvind nie of dit kan gebeur dat die veranderings wat plaasvind nie dié is wat die biblioterapeut be-oog het nie.

3.7.3 Onvoeldoende kennis van terapeut

Biblioterapie is 'n proses wat grootliks berus op die vaardighede en kennis van die biblioterapeut. As die terapeut nie vaardig is nie, kan dit die probleme van die kinders vererger. Die keuse van leesstof is van die uiterste belang. Die verkeerde boek op die verkeerde tyd kan kinders se probleme vererger eerder as om dit op te los (Cornett & Cornett 1980:38).

3.7.4 Identifisering met ongewenste karakters

Kinders kan identifiseer met en hul gedrag bou op onsuksesvolle en ongesonde karakters. Die terapeut kan 'n belangrike rol speel om dit te voorkom (Doll & Doll 1997:56). Die terapeut moet by die keuse van die leesstof bedag wees daarop dat kinders met ongesonde karakters kan identifiseer. Die keuse van die leesstof moet met groot omsigtigheid geskied. Dit bly ook van kardinale belang dat die terapeut die gekose leesstof self deeglik sal bestudeer.

3.7.5 Beperktheid van geskikte leesstof

'n Verdere beperking van biblioterapie is die beperktheid van geskikte leesstof (Cornett & Cornett 1980:38). Leesmateriaal moet pas by die kind se leesvlak en ouderdom anders kan dit lei tot frustrasie. Biblioterapie werk die beste met kinders wat lesers is (Pardeck & Pardeck 1984b:201).

3.7.6 Identifiseringsgebreke

Sommige kinders is nie in staat om ooreenkomste tussen hulself en karakters te erken nie (Bohning 1981:167). Veral trae lesers en jong kinders sal tydens die bespreking gelei moet word om die ooreenkomste tussen hulself en die karakters raak te sien.

3.7.7 Ontduiking van probleme

Sommige kinders is geneig om probleme weg te rasionaliseer as hul daarmee gekonfronteer word. Die proses van identifisering en projeksie dien dan om die kind te verlos van die verantwoordelikheid vir oplossings van hul probleme instelle daarvan om hulle dit te help oplos. Gelukkig gebeur dit nie normaalweg by jonger kinders met beperkte kognitiewe ontwikkeling nie, dit kom eerder voor by adolessente (Pardeck & Pardeck 1984b:202; Cornett & Cornett 1980:38).

3.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar aangedui dat biblioterapie 'n dinamiese interaksie is tussen leser en lektuur wat bewerkstellig word deur 'n terapeut. Twee vorme van biblioterapie is onderskei, naamlik ontwikkelingsbiblioterapie en kliniese biblioterapie. Ontwikkelingsbiblioterapie is gerig op die gesonde, persoonlike en normale ontwikkeling van die individu, terwyl kliniese biblioterapie gefokus word op ernstige emosionele en gedragsprobleme.

Biblioterapie is nie 'n selfstandige onafhanklike terapie nie, maar 'n hulp terapie. By biblioterapie is spanwerk, deeglike opleiding en kennis van die terapeut asook bereidwilligheid van die leser essensieel, want daarsonder kan die doelwitte nie bereik word nie. Dit is veral belangrik dat die materiaal wat gebruik word met groot omsigtigheid gekeur moet word.

Aandag is gegee aan die doelstellings en nut van biblioterapie asook aan die nadele daaraan verbonde.

In die volgende hoofstuk sal aandag gegee word aan die kriteria vir die keuring van leesstof vir biblioterapie, want sonder die regte leesstof is die biblioterapeutiese proses tot mislukking gedoem. Klem sal veral gelê word op die byeenbring van die regte leser by die regte boek. Kriteria word daarom gestel vir sowel die leser as die boek.